



Inleiding:

Is dit moontlik dat ons die liefde van God heeltemal mis interpreteer? Is dit moontlik dat ons dinge in lees in sekere tekste van die bybel wat nie daar is nie sodat dit beter kan pas in ons humanistiese wêreld seining? In albei gevalle wil ek sê: Ja dit is absoluut moontlik en in my opinie is ons werklik besig om dinge in die bybel in te lees wat nie daar staan nie.

Een van die grootste misleidings wat ek glo tans aan die gang is, is hierdie gedagtes van 'n alles vergewende, alles liefdevolle, alles gematigde God. Dit sê nie dat ek nie glo in God se liefde nie, maar ek glo wel in 'n gebalanseerde siening van God. Ons moet besef dat God liefde is, maar ook dat God geregtigheid hoog op prys stel. In feite eis Hy geregtigheid van elkeen af. Doen goed en reg aan ander.

God se grootste vereistes in my seining is dat ons gehoorsaam, getrou en toegewyd moet wees aan sy woord – dit is aan Christus. Maar dit is nie geheel en al waaroor hierdie saak gaan nie. Ek wil 'n bietjie fokus op die gedagte van liefde want ek glo ons het veel te leer in die saak.

Voor ek verder gaan, en u dalk besluit om verder te lees, wil ek een punt vasmaak: Hierdie boodskap wat ek hier skryf is 'n Israel saak. Dit het niks met enige ander nasie te doen nie. En hierby bedoel ek nie die mense wat fisies in die staat Israel bly en hulself die volk van God noem nie. Enige persoon wat 'n klein bietjie moeite wil doen in volkekunde sal wel gou besef dat dit die waarheid is. Israel vandag is hoofsaaklik die blanke westerse nasies. Dit is dan vanuit hierdie posisie wat ek die saak verder gaan hanteer. As dit nie jou posisie is nie, en jy het 'n absolute weersin daarin om oordentlike ondersoek te doen in die saak en die waarheid te aanvaar, moenie jou tyd verder mors om hier te lees nie, want dit gaan vir jou niks beteken nie. Maar as jy egter hierdie saak insien en verstaan, glo ek gaan die verhandeling vir jou van veel waarde wees.

Kom ons begin by die grootste en eerste gebod :

Jy moet die Here jou God liefhê...?

Mat 22:36 Meester, wat is die groot gebod in die wet?

Mat 22:37 En Jesus antwoord hom: Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand.

Mat 22:38 Dit is die eerste en groot gebod.

Mat 22:39 En die tweede wat hiermee gelykstaan: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.

Van al die dinge wat in die bybel geskryf staan dink ek is hierdie een gebod verseker vir my die vreemdste van almal. Dis 'n suiwer opdrag: Jy moet die Here jou God liefhê met alles wat jy het en is. Wel ek is jammer, maar dit maak nou eintlik glad nie baie sin vir my nie. Die rede daarvoor is baie eenvoudig. Dink so hieroor na :



KINGS AND PRIESTS



Wat sal gebeur as jy elke oggend opstaan en vir jou vrou, of jou ma of jou pa of selfs jou meisie sê: Ek moet jou liefhê....en dan gee jy daardie person 'n drukkie? Vir die eerste keer mag die person dalk dink jy probeer snaaks wees en aanvaar dit as sulks, maar hier by die 3de of 4de keer, gaan dit nou ook nie meer snaaks wees nie en dan gaan jy by die punt kom waar daar vir jou gesê word: Wel as jy so voel daaroor dat jy my moet liefhê, los dit dan eerder, want ek wil tog nie 'n emosionele las op jou lê nie. As jy my nie liefhet nie; niemand druk 'n geweer teen jou skedel en dwing jou om my lief te hê nie. Dis 'n geval van keuse hier: Jy kies letterlik of jy wil lief wees vir 'n ander persoon of nie en niemand kan jou werklik dwing om iemand anders lief te hê nie.

Maar nou kom die bybel en sê: Jy **moet** die Here jou God liefhê.... Vir 'n gewone ou soos ek maak dit nou glad nie sin nie. Wat se sin is daarin om iemand te probeer dwing om jou lief te hê. Op die ou end is dit oppervlakkig, kunsmatig en niksseggend. Dit kon dan maar net sowel nie gewees het nie. Daarom in my eenvoud, is ek seker dat daar 'n ander rede moet wees waarom Jesus dit so pertinent gesê het want wat beteken gedwonge liefde – in my oë nie veel nie. Want dis nie liefde nie!

Daar is 'n paar sake hier waarop ons egter baie dringend moet let:

Vir wie het die Here hierdie opdrag gegee? Ek reken dat ons almal dit sal eens wees dat hierdie opdrag slegs vir Israel gegee is. Daar was nie Jebusiete of Kusiete of Hetiete by betrokke nie. Hierdie opdrag is direk vir Israel gegee. Dan is dit verseker ook so dat die hele wet en die profete en selfs die psalms ook net vir Israel bedoel is.

Ons sê baie vining vir mekaar: God verander nie! Dis tog wat die bybel ons leer:

*Mal 3:6 Want Ek, die HERE, het nie verander nie; en julle, kinders van Jakob, is nie verteer nie.
Heb 13:8 Jesus Christus is gister en vandag dieselfde en tot in ewigheid.*

Ons weet ook dat Jesus self gesê het dat Hy gekom het om die wet en die profete te vervul

Mat 5:17 Moenie dink dat Ek gekom het om die wet of die profete te ontbind nie. Ek het nie gekom om te ontbind nie, maar om te vervul.

So wat presies beteken dit om iets te vervul?

play-ro'-o

From [G4134](#); to make replete, that is, (literally) to *cram* (a net), *level up* (a hollow), or (figuratively) to *furnish* (or *imbue, diffuse, influence*), *satisfy*, *execute* (an office), *finish* (a period or task), *verify* (or *coincide* with a prediction), etc.: - accomplish, X after, (be) complete, end, expire, fill (up), fulfil, (be, make) full (come), fully preach, perfect, supply.

Joh 15:25 Maar die woord wat in hulle wet geskrywe is, moet vervul word: Hulle het My sonder oorsaak gehaat.



KINGS AND PRIESTS



Wel weereens kan ons sien dat hier na 'n baie spesifieke groep mense verwys word. Dit is die mense aan wie die wet gegee is. Want die woord wat in daardie mense se wet geskrywe is, moes vervul word.

So presies hoe het Jesus dit dan gedoen?

Luk 24:44 En Hy sê vir hulle: Dit is die woorde wat Ek met julle gespreek het toe Ek nog by julle was, dat alles wat oor My geskrywe is in die wet van Moses en die profete en die psalms, vervul moet word.

Uit Jesus se eie woorde uit blyk dit baie duidelik dat, dat alles wat oor hom geskrywe is in die wet en die profete en psalms, vervul moes word, net soos wat Hy die wet vervul het en die wet kon net vervul word deur iemand wat volmaak daarvolgens gehandel en gewandel het. Dit is die volmaakte Lam van God. Dit beteken beslis nie dat die wet verby gegaan het nie, dit beteken slegs dat daar iemand gekom het wat die vereistes van die wet ten volle kon handhaaf. Dit is sekerlik waar dat baie van die seremoniele wette wel verval het as gevolg van dit wat Jesus aan die kruis gedoen het. Geen ander bloed offers is meer nodig nie en daarom het die werk van die Leviete verval. Jesus is nou priester koning vir ewig volgens die orde van Melgisedek. Die Levitiese orde is nou nie meer nodig nie. Die volmaakte offer is gebring.

Joh_1:29 Die volgende dag sien Johannes Jesus na hom toe kom, en hy sê: Dáár is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem!

Joh_1:36 en toe hy Jesus sien wandel, sê hy: Dáár is die Lam van God!

Wat die sonde van die wêreld wegneem....? Hierdie glo ek is een teksvers wat totaal uit verband uit aangehaal word. Om in te pas by die alles insluitende humanistiese siening van die wêreld, word hierdie teks op alle mense van toepassing gemaak, maar hoe kan 'n mens so iets doen sonder om die woord van God total te verkrag? Dink tog nou logies oor die saak: aan wie is die wet en die profete gegee? Aan die wêreld, of aan Israel? Die wet is nie aan die Filistyne of die Ammoriëte of Moabiëte gegee nie, dis aan Israel gegee, die fisiese nakomelinge van Abraham, Isak en Jakob (Israel). Hoe wil jy dan die wet van toepassing maak op mense aan wie dit nie gegee is nie.

Ons weet ook dat sonde die oortreding van die wet van God is en jy kan net 'n wet oortree as dit aan jou gegee is.

Nou wat van die ander nasies, want so baie ander mense wil dit tog weet?

Deu 4:19 dat jy ook jou oë nie na die hemel opslaan, en as jy die son sien en die maan en die sterre, die hele leer van die hemel, jou laat verlei en voor hulle neerbuig en hulle dien nie—dinge wat die HERE jou God aan al die volke onder die hele hemel uitgedeel het.

So hier staan dit heel duidelik geskryf: Die Here het aan hulle die son, die maan en die sterre en die leer van die hemel gegee om te aanbid, maar vir Israel het Hy sy wet gegee.



Deu 10:12 En nou, Israel, wat eis die HERE jou God van jou as net om die HERE jou God te vrees, in al sy weë te wandel en Hom lief te hê en die HERE jou God te dien met jou hele hart en met jou hele siel,

Deu 10:13 om te hou die gebooie van die HERE en sy insettinge wat ek jou vandag beveel, dat dit met jou goed kan gaan?

Deu 10:14 Kyk, aan die HERE jou God behoort die hemel, ook die hoogste hemel, die aarde en alles wat daarin is.

Deu 10:15 Maar net aan jou vaders het die HERE 'n welgevalle gehad om hulle lief te hê, en Hy het julle, hulle nageslag ná hulle, uit al die volke uitverkies, soos dit vandag is.

Ek weet nie hoeveel duideliker kan die woord van God vir ons sê wat die posisie van Israel is ten opsigte van die ander volke nie.

Die vereiste vir Israel kom weer hier ter sprake: En nou, Israel, wat eis die HERE jou God van jou as net om die HERE jou God te vrees, in al sy weë te wandel en Hom lief te hê en die HERE jou God te dien met jou hele hart en met jou hele siel.

Daar moet 'n rede voor wees dat die Here van ons liefde eis.

Want so lief het God die wêreld gehad...

Joh 3:16 Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.

Joh 3:17 Want God het sy Seun in die wêreld gestuur nie om die wêreld te veroordeel nie, maar dat die wêreld deur Hom gered kan word.

Joh 3:18 Hy wat in Hom glo, word nie veroordeel nie; maar hy wat nie glo nie, is alreeds veroordeel omdat hy nie geglo het in die Naam van die eniggebore Seun van God nie.

Joh 3:19 En dit is die oordeel: dat die lig in die wêreld gekom het, en die mense het die duisternis liever gehad as die lig; want hulle werke was boos.

So wat beteken die saak dan nou, is almal nou ingesluit in die reddingswerk van Jesus? Hier staan tog duidelik dat God die wêreld liefgehad het. So wat moet ons nou hiervan maak. Eers word die wet aan Israel gegee, en daarna word vir ons gesê dat God die wêreld liefhet, so lief dat Hy sy Seun aan 'n kruis laat sterf het. Is dit net ek, of pas iets nie te lekker hierin nie?

Jer 50:6 'n Kudde verlore skape was my volk; hulle herders het hulle laat dwaal, hulle weggevoer na die berge toe; hulle het gegaan van berg na heuwel, hulle het hul lêplek vergeet.

Die vergelyking dat Israel wat God se volk is, soos verlore skape was, staan vas. Daar word altyd oor die skaap nasies en die bok nasies gepraat in die bybel en as ons wil eerlik wees en die saak ondersoek, sal ons sien dat Israel die skaap nasies verteenwoordig.

Let dan nou op wat Jesus self sê in die volgende teks gedeelte:



KINGS AND PRIESTS



*Mat 10:5 Jesus het hierdie twaalf uitgestuur en hulle bevel gegee en gesê: Moenie gaan op pad na die heidene nie, en moenie ingaan in 'n stad van die Samaritane nie;
Mat 10:6 maar gaan liever na die verlore skape van die huis van Israel.
Mat 10:7 En gaan preek en sê: Die koninkryk van die hemele het naby gekom.*

Ek dink dat die opdrag duidelik gestel is. Gaan na die verlore skape van die huis van Israel en hier raak Jesus nog uitsluitend ook, moenie gaan na die Samaritane nie, moenie gaan op pad na die heidene nie. Dit sê tog baie duidelik wat Jesus wil hê wat die dissipels moet doen.

*Mat 15:24 Maar Hy antwoord en sê: Ek is net gestuur na die verlore skape van die huis van Israel.
Mat 15:25 Daarop kom sy en val voor Hom neer en sê: Here, help my!
Mat 15:26 Maar Hy antwoord en sê: Dit is nie mooi om die brood van die kinders te neem en dit vir die hondjies te gooi nie.
Mat 15:27 En sy sê: Ja, Here, maar die hondjies eet darem van die krummels wat van die tafel van hulle base afval.
Mat 15:28 Toe antwoord Jesus en sê vir haar: o Vrou, groot is jou geloof; laat dit vir jou wees soos jy wil hê. En haar dogter het gesond geword van daardie uur af.*

Hier herhaal Jesus weer die beginsel, ek is net gestuur na die verlore skape van die huis van Israel. Let wel, nie Jode nie. Daar is 'n groot verskil. Juda was maar een van die 12 kinders, maar hy was nie die hele Israel nie. Die rede hoekom Jesus hierdie vrou gehelp het kom baie duidelik uit in die gesprek wat daarna gevolg het. Hierdie vrou het haar plek geken en geweet dat Israel basies "die kindertjies is" en dat die ander nasies afhanklik is van Israel se posisie teenoor God, om seën te kan ontvang.

Maar daar is iets anders in die hele saak wat ook belangrik is.

Dat God die wêreld wil herstel is nie iets waaroor ons hoef te twyfel nie. Dat God vir homself 'n volk verkies het waardeur Hy dit gaan doen, behoort ook al duidelik te wees, dit was van die begin af Israel se doel, en dit is vandag nog so. Ons lig moet skyn vir die wêreld en nie net teenoor mekaar soos wat baie Israëliete reken nie. Israel is veronderstel om 'n groot seën te wees vir die wêreld.

Die opdrag wat Jesus dus vir sy dissipels gegee het was: ***Gaan leer Israel wie hulle is, sodat hulle op hul plek kan kom en doen wat hulle veronderstel is om te doen, en dit is om 'n model volk voor God te wees ter wille van die redding van die wêreld.***

Maar daar is iets baie meer insiggewend omtrent die hele saak, as Jesus net gekom het vir die verlore skape van Israel soos wat hy te kenne gegee het, dan beteken dit ook dat die kruisdood net vir Israel se sondes was en dit beteken ook dat die uitstorting van die Heilige Gees net vir Israëliete bedoel is, juis om hierdie doel van hulle te kan uitleef as model volk in die wêreld, om 'n lig in die wêreld te wees, soos wat Jesus 'n lig in die wêreld is, want soos Jesus is, is ons in die wêreld.

Maar daar is iets baie meer insiggewend omtrent die hele saak, as Jesus net gekom het vir die verlore skape van Israel soos wat hy te kenne gegee het, dan beteken dit ook dat die kruisdood net vir Israel se sondes was (want Israel was die enigste volk wat onder die wet van die Here was in die



KINGS AND PRIESTS



ou verbond) en dit beteken ook dat die uitstorting van die Heilige Gees net vir Israeliete bedoel is, juis om hierdie doel van hulle te kan uitleef as model volk in die wêreld.

Wat is daardie Lig?

Die lig is die manier waarop Israeliete lewe volgens die wet wat aan hulle gegee is. Kom ons sorteer darem net eers een sakkie uit hier:

Deu 4:8 En watter groot nasie is daar wat sulke regverdige insettinge en verordeninge het soos hierdie hele wet wat ek julle vandag voorhou?

Baie mense sê dat die wet verby gegaan het en dat alles nou net genade is, want:

Rom 1:17 Want die geregtigheid van God word daarin geopenbaar uit geloof tot geloof, soos geskrywe is: Maar die regverdige sal uit die geloof lewe.

Wel dis sekerlik 'n goeie punt hierdie. Maar kom ons ondersoek dit vir 'n oomblik. Met ander woorde, al wat ons nodig het is geloof in God, niks meer nie. Maar is dit werklik die waarheid?

Joh 1:1 In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God.

Joh 1:2 Hy was in die begin by God.

Joh 1:3 Alle dinge het deur Hom ontstaan, en sonder Hom het nie een ding ontstaan wat ontstaan het nie.

Joh 1:4 In Hom was lewe, en die lewe was die lig van die mense.

Joh 1:5 En die lig skyn in die duisternis, en die duisternis het dit nie oorweldig nie.

Joh 1:9 Die waaragtige lig wat elke mens verlig, was aan kom in die wêreld.

Joh 1:10 Hy was in die wêreld, en die wêreld het deur Hom ontstaan, en die wêreld het Hom nie geken nie.

Joh 1:11 Hy het na sy eiendom gekom, en sy eie mense het Hom nie aangeneem nie.

Joh 1:12 Maar almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in sy Naam glo;

Joh 1:14 En die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon—en ons het sy heerlikheid aanskou, 'n heerlikheid soos van die Eniggeborene wat van die Vader kom—vol van genade en waarheid.

Wat het Jesus volmaak gemaak? Was dit nie Sy onderhouding van die wet nie? Nou word daar heel tyd vir ons vertel dat die wet verby gegaan het en dat die genade genoeg is. Ek is beslis nie een mens wat sal wil stry oor hierdie genade saak nie. Wil ek dan nou hê dat almal weer die wet moet onderhou sodat hulle gered kan word. Beslis nie! Die beginsel is dit: **Ek doen nou die wet, nie om gered te word nie, maar juis omdat ek gered is. Miskien is dit meer akkuraat as ek sê, ek poog om nou die wet te onderhou omdat ek deur genade gered is. Die waarheid uit dat deur genade is ons gered, en dit nie uit onself nie, dis 'n gawe van God.**

Wat vir my interessant is, is die gedagte dat almal vir ons die heel tyd probeer vertel dat ons soos Jesus moet wees, maar beseft hulle dat Jesus, wat die volmaakte Lam van God is, die wet ten volle



moes onderhou, sodat ons gered kan word deur genade? As jy dan nou soos Jesus wil wees, moenie hierdie aspek van die waarheid eenkant toe skuif nie. Hy was nie net sag en nederig nie, Hy was nie net liefdevol en vol meegevoel nie, Hy het ook die wet onderhou, tot so 'n mate dat Hy dit volbring het. Daarom as jy dan soos Jesus wil wees, sal jy ook al dieselfde dinge moet probeer doen as wat Hy gedoen het. Die verskil is net, Sy werk is volmaak afgehandel aan die kruis, ons hoef niks by te voeg nie, ons kan ook nie. Dit is alreeds volbring. Wat dan was die grootste gebod? Jy moet die Here jou God liefhe....

Maar let ook nou op, dat Jesus is die woord wat lewend geword het. En wat was in Jesus se tyd die woord gewees? Die wet van Moses, en die profete en die psalms. Daar was nog nie 'n nuwe verbond geskryf nie. Met ander woorde die hele woord is in Christus, die wet ook. So hoe op dees aarde het die wet dan verval as dit dan ten volle in Christus is?

Jesus is die lig wat Israel moet laat skyn vir die wêreld, sodat die wêreld kan sê:

Isa 2:3 En baie volke sal heengaan en sê: Kom laat ons optrek na die berg van die HERE, na die huis van die God van Jakob, dat Hy ons sy weë kan leer en ons in sy paaie kan wandel. Want uit Sion sal die wet uitgaan en die woord van die HERE uit Jerusalem.

Isa 2:4 En Hy sal oordeel tussen die nasies en regspraak oor baie volke; en hulle sal van hul swaarde pikke smee en van hul spiese snoeimesse; nie meer sal nasie teen nasie die swaard ophef nie, en hulle sal nie meer leer om oorlog te voer nie.

Isa 2:5 Kom, huis van Jakob, en laat ons wandel in die lig van die HERE!

Daar is nou heelwat gesê, maar ons weet steeds nie hoekom ons God moet liefhê nie. Ek glo die kern van die hele saak is vasgevang in die wêreld waarin ons leef. As ons eerste aanvar dat ons letterlik in vyandsgebied beweeg, sal on sook moet besef dat ons bewaring in daardie vyands gebied baie belangrik is, dit is fisiese sowel as geestelik bewaring.

As die bybel dan nou vir ons sê dat ons moet voortgaan na volmaaktheid, dan moet ons kyk in hierdie konteks daarna. Ons moet groei in liefde teenoor God, ook teenoor ons medemens, maar hoofsaaklik teenoor God, want as ons dit doen, sal ons naby aan hom leef. Dit is tog sekerlik nie so moeilik om te verstaan nie. Ons probeer mos naby mense lewe waarvoor ons lief is. Hoe kan ons dan sê ons het iemand lief maar wil daardie persoon nooit sien nie? Liefde vir God, bring ons in sy teenwoordigheid of Sy skuilplek. Wie sal dit waag om met jou skoor te soek terwyl jy in die teenwoordigheid van God is?

Maar daar is heelwat meer nog tot die saak. Jou liefde vir God, plaas die Heilige Gees in jou. Christus in ons. So wat die nou so belangrik daaromtrent. Wel ons almal verwag dat die groot afval en misleiding besig is om plaas te vind. Sê die woord van God dan nie, dat die Heilige Gees ons sal lei in alle waarheid nie? So hoe sal jy bedrieg word, as die Heilige Gees jou sal lei in alle waarheid?

Daarom dan het God in sy groot wysheid ons bevel om hom lief te hê, nie ter will van Sy eie ego nie, maar ter wille van ons behoud in die wêreld. Want in die konteks glo ek dat hierdie liefde beteken dat jy baie in die teenwoordigheid van God sal verkeer (nabyheid), en ook dat Sy Gees in jou sal wees, as gevolg van jou nabyheid aan God, sodat jy nie mislei of selfs verlei sal word deur die bose magte nie.



KINGS AND PRIESTS



Die opdrag dat jy die Here jou God moet liefhê is aan ons gegee ter wille van ons eie beskerming, en nie soos wat baie mense dink dat God egosentrië is nie. As die Gees van God nie sy kinders in die laaste dae lei nie, hoe sal hulle staande kan bly teen die aanslae van de hel?